Ontmoeting 2

GESKEP NA GOD SE BEELD

Die kinders moet beleef dat God hulle elkeen spesiaal gemaak het. Hy het ons elkeen na Sy beeld gemaak. Ons is die kroon van Sy skepping. (Kroon - beste wat Hy gemaak het)

Teks: Gen 2:6-25.

Hulpmiddels:

- Sandboks
- Bak met water
- Plastiese see- en landdiere of diere op stokkies, vars planttakkies
- Speelklei, waarvan met die een helfte 'n mensfiguur gemaak en vooraf onder die sand versteek word en die ander helfte op die rand van die sandboks lê
- Klein tuinvurkie of 'n gewone vurk
- Ongedrukte koerantpapier en koki's
- Spieëltjie om in die sandboks te sit (by werskaf)
- Kopieer die patroon vir die kroon op karton
- Versierings vir die krone
- Kopieer die ID-boekie vir elke kind
- Stempelkussinkie sodat hulle hul duimafdrukke kan maak

WELKOM

Sing die **"Welkom"-liedjie** soos by ontmoeting 1.

Deel die kinders in groepies van nie meer as 5 lede elk nie. Die eerste kind begin met: "My naam is … (*kind noem sy eie naam).* God het my spesiaal gemaak. Ek kan goed … (*kind noem iets wat hy kan doen soos teken, sing, somme doen, sport, ens).*" Die groep herhaal: "Jou naam is … God het jou spesiaal gemaak. Jy kan goed …" Dan kry die tweede kind 'n beurt om te sê: "My naam is …."

WYDING

Temalied: ♪ "Weet jy dat Jesus jou liefhet?"

Stilword-ritueel:

Kinders word stil en gaan lê op die mat/gras, maak hulle oë toe en luister na geluide om hulle of na 'n CD met natuurgeluide (of MP3 klanksnit op Kix se webtuiste). Terwyl die kinders nog met toe oë lê en luister, begin die groepleier met die kinders praat: "God het alles ge-maak. Hy het vir my en vir jou ook gemaak. Hy het my baie lief. Hy het sy asem in my geblaas." (Haal drie keer diep asem en blaas dit stadig uit.)

(Gaan direk oor na die *Woord* gedeelte.)

WOORD

Kom ons kyk weer na alles wat God gemaak het:

1. Dag en nag
2. Hemel en water onder die aarde *(Sit 'n bak met water ook in/langs die sandbak.)*
3. Land (*Tel 'n hand vol sand op en laat dit deur jou vingers terugloop in die bak.*) en see *(Skep van die water met jou hand op en laat dit terugdrup in die waterbak.)*
4. Son, maan en sterre
5. Visse *(Sit plastiekvissies in die waterbak)* en voëls (*Plak 'n prentjie van 'n voël op 'n stokkie en steek dit in die sand.)*
6. Plante *(Steek vars planttakkies in die sand.)* en diere *(Plak prentjies van diere op stokkies of gebruik plastiekdiertjies en steek in die sand.)*

Plaas bogenoemde strategies aan die kante van die bak sodat die middel kan oop bly vir vandag se ontmoeting.

Toe het God iets baie spesiaals gedoen. *(Neem 'n stukkie klei en vorm 'n mannetjie terwyl die res van die storie vertel word.)* Hy het gesê: "Ek wil mense maak. Ek wil hê hulle moet die aarde oppas. Hulle moet sorg vir die visse en die voëls en die diere." God het uit die modder op die aarde 'n mens gemaak. Die mens het nog nie gelewe nie. Maar die Here het sy eie asem in die mens se neus ingeblaas. Dadelik was die mens lewendig. *(Blaas op die mannetjie en sit hom in die middel van die sandboks neer.)*

Die Here het vir die mens sommer 'n baie spesiale tuin gegee om in te woon. Die Here het gesê hy moet die tuin omspit en oppas. *(Vat 'n klein tuinvurkie of gewone vurk en spit die sand om of trek patrone op die sand.)* Hy het ook vir die mens gesê:"Jy mag die vrugte van al die bome in die tuin eet. Net die vrugte van een boom mag jy nooit eet nie. Dit is die vrugte van die boom van kennis. Die dag as jy van hierdie boom se vrugte eet, sal jy beslis doodgaan!"
Die Here het die diere voor die mens laat verbykom en hy het vir hulle almal name gegee. *(Beweeg van die diere voor die mens verby in die sand en sê: "Ek noem jou olifant, sebra, volstruis, ens.").*

Die Here het ook gesê: "Dit is nie goed dat die arme mens so alleen in die tuin moet bly nie. Ek sal iemand maak wat by hom pas en wat hom kan help."
Toe het die Here 'n baie diep slaap oor die mens laat kom. *(Sit die mannetjie plat in die sand neer.)* Terwyl hy vas geslaap het, het die Here een van sy ribbebene gevat en die gat weer met vel toegemaak. Die Here het uit die ribbebeen 'n vrou gemaak en haar na die mens toe gevat. *(Haal onder die sand 'n kleifiguurtjie uit wat jy voor die tyd daar weggesteek het en sit haar langs die ander figuurtjie neer.)* Die oomblik toe die mens haar sien, het hy gesê: "Uiteindelik het ek 'n maat, iemand wat by my pas! Sy verskil net 'n klein bietjie van my, sy is 'n vrou!"
Hierdie man en vrou se name was Adam en Eva. Hulle was die eerste man en vrou wat God gemaak het.
Maak nou jul oë toe en luister na die volgende Psalm, Psalm 8, wat Dawid geskryf het. Hy skryf oor die mense wat God gemaak het, want Hy het nie net vir Adam en Eva gemaak nie. Hy het ook vir my en vir jou spesiaal gemaak.

"O, Here, ons Here, almal op aarde kan sien hoe wonderlik U is! As ek na die hemel kyk, kan ek sien hoe groot en sterk U is. Selfs klein kindertjies kan U daaroor prys. Selfs mense wat nie van U hou nie, moet erken hoe wonderlik U is.

As ek in die nag opkyk, sien ek die maan en die sterre wat U gemaak het. Dan wonder ek: Hoekom dink U nog aan mense? U het niks van mense nodig nie. Tog het U ons so belangrik gemaak. U gebruik ons om alles wat U gemaak het, op te pas. Ons kan mak diere soos skape en beeste oppas. Maar ons kan ook die wilde diere oppas. Ons kan besluit oor visse en voëls.

O Here, ons Here, almal op aarde kan sien hoe wonderlik U is!"

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe jy daaroor voel om te weet dat jy die kroon van God se skepping is (die beste wat Hy gemaak het).
2. Ek wonder waarom het God jou die kroon van Sy skepping gemaak en wat dit beteken om die kroon van God se skepping te wees.
3. Ek wonder hoe God voel as mense mekaar sleg behandel of slegte goed oor mekaar sê.
4. Ek wonder hoe wil God hê moet ons optree teenoor alles wat Hy gemaak het.

WERSKAF

- Sit 'n klein spieëtjie in die sand en nooi die kinders uit om een-een in die sandboks te kom kyk na die wonderwerk wat Hy gemaak het.
- Maak 'n kroon waarop die woorde staan: "Jy is die kroon van God se skepping". Laat die kinders dit versier.
- Gee vir elke groep 'n groot vel ongedrukte koerantpapier en 'n kryt/koki. Laat een van die kinders daarop lê en die ander lede van die groep sy/haar buitelyne afteken. Wanneer die kind opstaan, moet die res van die groep die buitelyne invul deur te teken / verf / plak om van hul skets 'n unieke persoon te maak.
- Elke kind vul "My God ID" in.
- **Sluit af met die seënbede.**

Hoe om die ID-boekie te vou en te sny:









ID

(Naam)

.....

(Van)

se

.....

1.

Ek is gebore op

.....

(datum)

in

.....

(dorp se naam)

2.

Toe ek gebore is,

het ek

.....

geweeg.

3.

My hare is

.....

(lank / medium / kort / baie kort)

en

.....

(kleur)

4.

Ek kan baie goed:

.....

.....

.....

5.

Die kleur van my oë is

.....

6.

My duimafdruk

Jesaja 43:1(b)

"Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne."


JY
IS DIE KROON
VAN GOD SE SKEPPING